1996-06-18

Universiteit van Pretoria
Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel (012) 4202371
Faks (012) 3422132

Studentesake
Kantoor van die Studentedekaan

Prof W D Jonker
Teologiese Kweekskool
Dorpstraat
STELLENBOSCH

Liewe Willie,

Moenie te verbaas wees oor hierdie skrywe nie - ek wou dit lankal doen, maar jy weet mos wat die spreekwoord oor uitstel te sê het!

Die SA Akademie het jou artikel oor Johan Heyns na my gestuur vir evaluering. Begryp jou! Dat 'n verloopte kortbroek teoloog soos ek oor 'n geleerde soos Willie Jonker moet oordeel... maar aan die ander kant was dit tog maklik: niemand kan Willie Jonker se artikels lees sonder om dit met akklamasie toe te stem nie, beide wat die formele en materieële opset daarvan betref.

In hierdie verband my skrywe. Ek is amper nege jaar uit die breë kerklike stroom van politiek en teologie en neem dinge maar hier van die kant af waar. Ek probeer so hier en daar lees en op die oomblik lê op my bedkassie jou en Flip se Vreemde Geregtigheid, wat ek by herlees opnuut en instemmend geniet. Van alle dogmatici se skrywfwerk "verstaan" 'n dom ou soos ek altyd joune (naas dié van Adrio König). Netjies, in goeie Afrikaans geformuleer logiese te verstane en vir my godsienstige lewe onsettend stimulerend - dit is seker daarom dat my wederhelf Nakkie steeds volhou dat Willie Jonker die beste prediker is die kerk is. Langs hierdie weg dan ook dankie vir alles wat jy deur geskrifte en optrede vir my beteken het - natuurlik was daar sake waaroor mens verskil het, maar dit bly ondergeskik aan verhoudinge en waardering.

Ek geniet die Studentedekaansopset, alhoewel dit in dese dae baie veeleisend is. Tog, is daar partykeer 'n heimweë na die akademie veral die doseer- en skryfwerk. Ek is volgende jaar se Augustusmaand self al 60, maar dink nog geensins aan aftrede nie. Ekself is al 22 jaar weg van Stellenbosch. Met die gesondheid goed na die hartomleiding van 1989 - en ten spyte van 'n baie ligte hartaanval verlede Julie. Die wonderlikste is dat die Here se genade mens se lewe so gelukkig en sinvol maak, werklik vry van enige bekommernis en bowenal belaai met milde, onverdiende seëninge!

Ek vertrou natuurlik dat dit by jou en familie ewe goed gaan en beste wense met alle onderneminge. Dalk maak ek eendag daar by jou 'n draai - ons gaan gereeld Kaap toe want my dogter en skoonseun studeer op Ikeys en ek het al 'n paar jaar gelede 'n lekker vakansiewoonstel in die Tuine aangeskaf.

Vriendelike groete,

Flip van der Watt